



# Kroon SANTA KLUB

■ HERMAN KLEYNHANS

Vir die Santas en die lede van die klub het 2024 baie positief begin! Baie van ons lede het deelgeneem aan die Nasionale Skou en die 50 jaar feesvieringe wat in Bloemfontein plaasgevind het.

Dit was 'n besondere geleentheid waar telers bymekaar gekom het, lekker gekuier het en top diere aan die publiek vertoon het.

Dit is lekker om die vordering in die ras te kon sien en deel te wees daarvan. Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gemaak het in die laaste 50 jaar om die ras te verbeter tot waar dit nou is! Dankie ook vir die klublede wat deel is van die proses en julle deelname aan die Nasionale Skou. Baie geluk met die uitstekende prestasies van julle diere.

Die grootste sukses van 'n stoetteler is die werk wat hy op die plaas doen en deel daarvan is prestasie toetsing.

Die Kroon Santa Klub het vanjaar die 6de jaarlikse fase D aangebied. Dit is duidelik dat die kwaliteit en die prestasies van die diere in die toets baie verbeter het oor die laaste 6 jaar.

Daar was 'n totaal van 25 diere van sewe telers ingeskryf. Met die 25 diere wat ingeskryf is, was dit nie n maklike taak vir Jaco en Org Maree om die diere te punt nie!

Jaco, Org en Tau Voere is van die begin af deel van die gesamentlike Fase D en het die pad saam met ons geloop. Met die bespreking van die diere het hulle die klublede geluk gewens met die kwaliteit en die hoë standaard van die diere en die toets.

Die bulkalf, KVS 2366, van Kleynhansvelde was in die eerste plek met SS 23150 en SS 23170 van Santarific Santas wat in die tweede en derde plek was.

Baie dankie aan Jaco, Org en Tau Voere vir die 6 jaar se betrokkenheid, ondersteuning en borgskap waarmee julle ons bystaan. Dit word opreg waardeer.

Ons sien uit na die jaar wat voorlê en om geleenthede te skep om bymekaar te kan leer en saam 'n verskil te kan maak.